

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
16 Desember 1973

Onderwerp: Geloftedag

Lees: Matthéüs 16 verse 13 tot 28
Psalm 50 verse 7 tot 23

Teks: Matthéüs 16 vers 25

Sing: Psalm 68 vers 13
Gesang 75 vers 2
Gesang 172 verse 1 en 2

“Broers en Susters, ’n volk wat met die Bybel groot geword het, weet wat die woord ‘geloofte’ beteken. Hoe bekend klink die woorde van die Psalmis: ‘Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.’ (Ps 50:14)

“Ons weet dat as jy ’n gelofte aan God gemaak het, jy dit moet nakom. Maar wat van ’n gelofte wat iemand anders gemaak het?

“Alhoewel die Geloofte van Bloedrivier betrekking gehad het op daardie groepie rondom die kanonwa, het hulle ook elke Afrikaner daarna betrek met die woorde: ‘dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte’.

“Is ons dus ook deur hierdie gelofte gebind?

“Ons bely die vyfde gebod: ‘Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.’ (Ex 20:12) Hoe kan ons, ons distansieer van dit wat ons vaders en moeders se erns voor God was? ’n Volk wat sy geloftes in ere hou het ’n nuwe môre as vooruitsig. Daarenteen, is die handskrif aan die muur vir hulle wat dit versuim.

“Geloftedag het ’n boodskap vir elkeen van ons. Dit moet vir die Afrikanervolk soos ’n bergspits wees. ’n Bergspits vanwaar ons die pad waarlangs ons gekom het in oënskou kan neem, sowel as die onbekende toekoms. En dit is wat ek vanmôre van u vra.

“Bloedrivier was ’n keerpunt in die Afrikaner se geskiedenis, want by Bloedrivier het die Christendom teenoor die heidendom getriomfeer en die beskawing teenoor barbarisme. Dit was ’n stryd om lewe en dood.

“Broers en Susters, daardie stryd het nie by Bloedrivier geëindig nie. Nee, dit gaan voort. Daar is steeds ’n titaniëse stryd wat verbete voort woed oor die voortbestaan of ondergang van ons volk; ons lewe of dood.

“Die wapens in hierdie stryd verskil vandag van dié van Bloedrivier, maar dit is steeds dieselfde stryd teen die magte van duisternis: ‘Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.’ (Ef 6:12)

“Om staande te kan bly, moet ons, ons op hierdie dag voor God verootmoedig in waaragtige selfondersoek. Ons moet seker maak of ons nog bou op die fondament van Jesus Christus en nog wandel op die beproefde weg. Want alleen dié volk en dié individu wat op hierdie fondament bou en op die weg van Jesus Christus wandel se toekoms is gewaarborg.

“Maar het ons nie die spoor byster geraak nie? Het dit wat vir Sardis waar was, nie ook vir die Afrikaner van ons tyd waar geword nie? ‘Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood.’ (Openb 3:1)

“Dit help nie om voor God toneel te speel nie. Hy sien deur al die uiterlike versierings. Só het Jesus Christus deur die Fariseërs se skyn gesien: ‘Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsheid en ongeregtigheid.’ (Matt 23:27,28)

“Ons moet dus op hierdie dag eerlik en opreg voor God kom staan en ons sien soos ons werklik is. Ons moet voor God kom staan, wat weet wat in die swart en verborge dieptes van die hart omgaan en bid: ‘Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes ... en lei my op die ewige weg!’ (Ps 139:23,24) Want Broers en Susters, ’n persoon en ’n volk wat volstrek eerlik met homself wil wees, het ’n verwagting en ’n hoop en ’n vooruitsig op ’n nuwe môre.

“Jesus Christus het byna 2000 jaar gelede ’n aangrypende gesprek met sy dissipels in Palestina gehad. Hy was besig om van hulle afskeid te neem. Hy het aan hulle gesê dat Hy die langverwagte Messias was, op weg na Jerusalem om daar aan die kruis te sterwe. Hierteenoor het sy dissipels gehoop dat Hy ’n aardse koninkryk sou oprig en self die Heerser daarvan

sou wees. Petrus het Jesus gevolglik opsy geneem en bestraf: 'Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!' (Matt 16:22) Waarop Jesus geantwoord het: 'Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.' (Matt 16:23)

"Dit was die duiwel wat Jesus van sy lydensweg wou laat afsien; maar hy het Petrus gebruik wat nie die dinge van God gesoek het nie, maar dié van mense, van selfsugtige, egoïstiese mense.

"As daar één saak is wat Bloedrivier onderstreep, is dit 'die dinge van God' in die lewe van die mens. Bloedrivier doen 'n beroep op Afrikaners om vir 'die dinge van God' te lewe en af te sien van ons selfsugtige egosentriese, alles nét vir myself bestaan. Om te leef vir 'die dinge van God' kom daarop neer dat ek, soos ons vrome voorgeslagte, gewillig sal wees om my al op die Almagtige HERE te kom lê; om offers te bring vir die behoud van wat kosbaar en edel is. Jesus Christus het gesê: 'As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.' (Matt 16:24) Dit is die boodskap van die kruis. Jesus het deur sy lewe af te lê, die kroon ontvang. En wat van ons as volgelingen van Jesus Christus? Is ons bereid om in onself te sterf en God se wil te doen? Op hierdie vraag moet ons vanmôre eerlik voor God antwoord.

"As iemand agter Jesus wil aankom, moet hy homself verloën en Jesus volg. Wie Jesus nie só volg nie is 'n huigelaar. 'n Christen sonder Jesus Christus is 'n niksseggende leegheid waaroor vyande hulle verheug en die duiwel in sy vuus lag.

"Ons moet leer om nee te sê vir die hebsug en die verleiding van hierdie wêreld. Ons moet nee sê vir die sondige hartstogte en begeertes en 'n streep trek deur die egoïstiese bestaan en gejaag na rykdom. Ons moet soos Paulus kan sê: '... ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my.' (Gal 2:20) Dit is die boodskap wat die helde van voorgeslagte vanmôre aan ons bring.

"Ons gebed, medelandsgenoot, moet wees dat God op hierdie dag ons oë sal open, om die monster te sien wat ons lewe en volksbestaan bedreig; en ons opnuut in Jesus Christus se arms te werp.

"Hierteenoor is daar 'n verbysterende geestelike vervlakking wat ons bedreig. Die Evangelie is êrens in die agtergrond, maar dan soos 'n geïsoleerde elektriese draad wat ons nie skok as ons dit aanraak nie. Net soos slapende Sardis, is ons besig om die dood tegemoet te slaap.

“Daar het ’n sondige selftevreedenheid oor ons volksbestaan toegesak. Ons is besig om soos Sisera te drink van die verdowende dikmelk uit die skottel van Jael. Soos Simson is ons besig om aan die slaap te val op die skoot van die verleidster. Onbewus van die feit dat die krag van God besig is om van ons te wyk.

“Ons moet wakker skrik. Die vyand het reeds die tentpen stewig in die hand om ons slape te deurboor. Die skêr is reeds in die haarlokke om ons verbintenis met God deur te sny. Mag God ons behoed dat ons vanmôre soos Felix sal sê: ‘Gaan vir hierdie keer heen’. (Hand 24:25) Nee, laat ons, ons weer opnuut aan die HERE wy.

“Kom ons kyk na ons eie lewens. ’n Mens word hartseer om te sien hoe Afrikaners veragter: met sedelike verval; en selfsugtige lewens wat net eie gewin soek; en ’n onwilligheid om saam te werk.

“Ons is besig om ons sin vir waardes te verloor. ’n Neerlaag op die rugbyveld is vir baie gelykstaande aan ’n nasionale ramp. Die nuutste krietkettelling oorheers ons gesprekke.

“Goedkoop arbeid is besig om ons ’n nekslag toe te dien. Ons het afgeleer om te werk. Wie poleer jou skoene? Wie skrop die kombuisvloer en was die wasgoed? Wie bad die kleintjies en sit hulle in die bed, terwyl pa en ma hulle sosiale verpligtinge nakom?

“Een van die primêre oorsake van die ondergang van die Romeinse beskawing was juis hulle aanbidding van weelde en die feit dat hulle deur swerms slawe omring was.

“Ons moet leer om ons swaar werk self te doen. Die winsmotief moet ingeruil word vir die diensmotief. Maar ons wil nie gesteur wees by die vleispotte, weelderige huise en blink motors en by ons fuifpartytjies nie.

“Terrorisme is besig om soos ’n vloedgolf op ons af te storm. Orkane nader ons grense. Dit is gekke wat voortgaan om in die skaduwee van doodsbedreiging te sê: ‘neem rus, eet, drink, wees vrolik.’ (Luk 12:19) Solank ons nog hierdie tendens huldig, om net na onself om te sien en onself te red, is ons lewe en voortbestaan gedoem.

Judas moes kies tussen sy materialisme en Jesus Christus: Jesus of die 30 silwerstukke. Hy het die silwerstukke gekies. Wie sy lewe wil behou sal dit verloor.

“Wat is u keuse?

“Geagte mede-Afrikaner, ons kan alleen oorwin deur die kruis. Ons moet daartoe kom om God te sien en te erken in alles. Ons moet God sien in ons skaap- en koringpryse, salaris en inkomste. Ons moet God sien in ons arbeid, ook die sogenaamde vuilwerk. Ons moet ’n lewende en aan God welgevallige offer word.

“Is daar iemand vanmôre wat nie kans sien om Jesus op die weg van selfverloëning te volg nie? Is hier iemand wat protesteer soos Petrus? Dan wil Jesus vir jou sê: ‘Gaan weg agter My, Satan!’ Jy is vir My ’n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.’ Jy pleeg hoogverraad teenoor jou volk. Gaan weg!

“Wat gaan u doen?

“Amen.”

Kommentaar:

Dominee Bester gebruik die woord “volk”, wat tans ’n negatiewe konnotasie het. Dit is die gevolg van sielkundige oorlogvoering deur Nuwe Wêreldorde voorstanders wat ’n amorfe identiteitslose mensemassa deur vermenging tot stand wil bring, wat nie sal kan saamstaan teen die Nuwe Wêreldorde nie.

Hou in gedagte dat God self volke geskep het met die spraakverwarring by Babel, juis om Satan se plan om die wêreld te beheer te verydel.